Saterdag 19 September
Skrifgedeelte: Jakobus 1:1-8
Fokusgedeelte: Jakobus 1:3, 4 (AFR83)

## Oproep om geduldig in geloof te volhard tydens beproewing

Die woorde beproewing en versoeking is in die oorspronklike taal presies dieselfde woord. Tog verstaan ons in Afrikaans dit op verskillende maniere en dit is ook die rede waarom die Bybelvertalers van die 1983-vertaling dit in verse 2 en 12 verskillend vertaal het.

Die woord *beproewing* (versoeking) in vers 2 moet ons verkieslik verstaan in die positiewe sin van die word. Met beproewing is dit God wat besig is om die geloof te toets, te versterk en te veredel. Elihu, een van Job se vriende, het dit reeds verklaar (Job 36:2, 15), dat God deur beproewing die magteloses se ore oopmaak. Ook die digters van die Psalms het dikwels in hulle lewe beproewing ervaar (Ps. 95:9; 116:10; 119:67). En soos Jakobus (1:2-8), sê die apostel Petrus ook in sy brief (1 Pet. 4:13) dat die gelowiges hulle nie moet verbaas nie, maar hulle eerder moet verbly wanneer beproewing oor hulle kom.

Alhoewel die aanmoediging *om geduldig te volhard tydens beproewing*, en selfs daaroor bly te wees, vreemd op die oor val, bly beproewing vir die gelowige 'n geloofsoefening. God se doel met beproewing is om ons nader aan Hom te bring, om ons verhouding met Hom te versterk, om ons afhanklikheid van Hom te erken, en om ons opnuut weer in geloof aan Hom te bind, deur gebed en smeking en met danksegging. So versterk Hy ook ons vertroue en leer ons volhard en ons geestelik op te bou.

Christus het nooit 'n waarborg gegee dat dit met sy volgelinge ongekend goed sal gaan nie, en dat niks sleg of ondraaglik ooit oor ons lewenspad sal kom nie, inteendeel (Joh. 15:18). Hy het wel die belofte gegee dat Hy altyd met ons sal wees (Ps. 121:5; Matt. 28:20; Joh.14:16)!

Volhard daarom as Christen geduldig in geloof deur jou beproewing, wees ook dankbaar daaroor dat die Here jou so geestelik verryk, tot jou beswil, en tot sy eer!

*Sing: Psalm 138-1:1, 4*

*Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)*